Gauteng Onderwysdepartement

Laerskool Elspark

Skoolhoof: hoof@lselspark.co.za
Administratief: judith@lselspark.co.za
Webwerf: www.laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 Elspark 1418
Tel: (011) 893-2024/5
Faks: (011) 916-1963

2021-11-10

Geagte Ouer/Voog

OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN NOVEMBER 2021

ALGEMENE JAARVERGADERING – MNR GERICKE

Baie dankie aan ons ouers wat die jaarvergadering bygewoon het op DInsdag, 2 November. Die volgende is goedgekeur tydens die vergadering:

- Jaarverslag 2021
- Ouditstate 2020
- Skoolgeld 2022
- Norme vir subsidie 2022
- Addisionele vergoeding
- Begroting 2022
- 2 Groot kapitale Projekte (Uitgawe R1,8 miljoen)
  - Deurgang vanaf Tierhout na Finch
  - Solar panele asook addisionele boorgate

SKOOLGELDBETALING 2022				
	ITEM	**BEDRAG PER MAAND**	**TYDPERK**	**BEDRAG VIR 2022**
1	**Skoolgeld vir enkelkind**	1512	**12 Maande**	**18144**
2	**Skoolgeld vir tweede kind**	1512 (3024)	**12 Maande**	**18144**
3	**Skoolgeld vir derde kind**	606 (3630)	**12 Maande**	**7272**
Skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Januarie se skoolgeld moet betaal word op die eerste skooldag van 2022. Indien volle skoolgeld vir 2022 voor of op 31 Mrt betaal is, sal een maand se skoolgeld as korting aan die ouer toegestaan word. (Indien geen betaling tot 31 Mrt gemaak word nie, moet 'n skriftelike reëling met die skoolhoof getref word)				
4	**Naskoolgeld vir 'n enkelkind**	**1100**	**11 Maande**	**12100**
5	**Naskoolgeld vir tweede kind**	**1100 (2200)**	**11 Maande**	**12100**

6	**Naskoolgeld vir derde kind**	**1100 (3300)**	**11 Maande**	**12100**
Naskoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Januarie se geld moet betaal word op die eerste skooldag van 2022. Geen subsidie word toegestaan nie.				
7	**Kleuterskool skoolgeld vir elke kind**	**1638**	**12 Maande**	**19656**
Kleuterskool skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Januarie se geld moet betaal word op die eerste skooldag van 2022. Geen subsidie word toegestaan nie. Geen korting soos in geval van groot skool				

TOETSROOSTER (GR 4 - 7) - MNR DENNER

DATUM	*VAK*	*GR*
Dinsdag, 9 November	Kuns en Kultuur	4 - 7
Maandag, 15 November	SW (Geografie)	4 - 7
Dinsdag, 16 November	Afrikaans	4 - 7
Woensdag, 17 November	Wiskunde	4 - 7
Donderdag, 18 November	Tegnologie	7
Vrydag, 19 November	Lewensvaardigheid Lewensoriëntering	4 - 6 7
Maandag, 22 November	SW (Geskiedenis)	4 - 7
Dinsdag, 23 November	Engels	4 - 7
Woensdag,24 November	NW en Teg NW	4 - 6 7
Donderdag, 25 November	EBW	7

BELANGLIKE INLIGTING TEN OPSIGTE VAN DIE TOETSREEKS

1. Tydens die toetsreeks sal daar studietyd toegelaat word, voordat die vraestel geskryf word.

2. Leerlinge wat tuisonderrig ontvang (aanlyn) skryf saam met hul grade elke dag die toetse om 09:45

3. Slegs leerlinge wie se ouers toestemming verleen kan hulle kinders vanaf 11:45 of 12:00 kom afhaal. (Graad 1 tot 7) Hierdie reëling sal geld vanaf Maandag, 15 November tot en met

Donderdag, 25 November 2021. **Geen leerling wat nie die toestemmingsbrief inhandig sal toegelaat word om die skoolterrein te verlaat voor 13:30 nie**.

4. Alle leerlinge wat nie om 11:45 / 12:00 huis toe gaan nie sal in 'n toesigklas geplaas word in elke graad tot 13:30.

5. Die leerlinge moet asseblief elke dag tydens die toetsreeks teenwoordig wees. Geen vraestelle kan vooraf of na die tyd afgelê word nie. **Indien u kind siek is, stuur asseblief 'n doktersbrief na die registeronderwyser**.

6. Ons versoek dat ons ouers sal toesien dat ons leerlinge hard leer aangesien die werk meer is en dit 'n **amptelike toetsreeks** is.

7. Verdaging van leerlinge in die middae tydens die toetsreeks is as volg:
   Gr 1, 6 en 7 verdaag 11:45
   Gr 2,3,4,5 en LSEN verdaag 12:00

NB!!!! Leerlinge onthou asb. om julle skeurstrokies in te handig voor die toetsreeks begin.

SKOOLGELDE VIR 2021 – MNR GERICKE

Soos u weet het ons skooljaar nie begin soos dit beplan was nie en glo ons dat dit in die toekoms beter sal gaan. Ons wil ook graag van die geleentheid gebruik maak om dankie te sê aan elke ouer wat getrou u verpligtinge nakom.

Hiermee wil ons net onder u aandag bring dat die skoolgelde vir 2021 steeds verpligtend is in terme van Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse skolewet. In terme van Artikel 40 en 41 van die Suid-Afrikaanse skolewet kan die skool die verpligte skoolgelde afdwing.

Skoolgelde was reeds betaalbaar vir November 2021.
Skoolgeld word bepaal as 'n jaarlikse bedrag wat betaalbaar is oor 12 maande vir u gerief.

Ons doen hiermee 'n beroep op u as ouer om asseblief hierdie verpligting t.o.v. die skoolgelde streng na te kom. Indien u enige navrae het kontak gerus vir Sonja Fourie by sonja@lselspark.co.za

SKOOLGELDBETALING 2021				
ITEM		BEDRAG PER MAAND	BETALINGSTYDPERK	BEDRAG VIR 2021
1	Skoolgeld vir enkelkind	1 440	12 Maande	17 280
2	Skoolgeld vir tweede kind	1 440 (2 880)	12 Maande	17 280
3	Skoolgeld vir derde kind	577 (3 457)	12 Maande	6 924
Skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. November se skoolgelde is reeds betaalbaar.				
4	Naskoolgeld per kind	1 000	11 Maande	11 000
Naskoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. November se gelde is reeds betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie.				
5	Kleuterskoolgeld per kind	1 560	12 Maande	18 720
Kleuterskool skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. November se gelde is reeds betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie. Geen korting soos in geval van groot skool				

Uitstaande gelde!!!

Daar is ouers wat baie agterstallig is met skoolgeld, kleuterskoolgeld en/of naskoolgeld. Alle agterstallige gelde is reeds betaalbaar en word nou oorhandig. Kontak asb. Me Fourie om 'n reëling te tref om gelde op datum te bring.

Bankbesonderhede:
ABSA Bank
Tjekrekening no: 230 301 360
Takkode: 632005
Verwysing: kind se rekeningnommer of naam, van en graad

Neem asb. kennis dat Laerskool Elspark Ceebee Debt Collectors gebruik om al die oorhandigings te hanteer. Dringende betaling word verlang op agterstallige rekeninge om oorhandiging te vermy.

Kontroleer asb. u kleingeld en kwitansie voordat u die finansiële kantoor verlaat. Sonder 'n kwitansie kan geen regstellings gedoen word nie. Bewaar asb. u kwitansie op 'n veilige plek!

NB! Epos asb. bewys van betaling met uiteensetting ten opsigte van betaling na riekie@lselspark.co.za. Dit is baie belangrik dat u asb. altyd u kind se rekeningnommer

as verwysing by alle bank inbetalings sal aandui. Indien u nie weet wat u rekeningnommer is nie, is u welkom om Me Wessels te skakel in die finansies kantoor.

SLUITKASTE - MNR SERFONTEIN

Ontruiming van die jaar se sluitkaste moet teen 25 November afgehandel wees. Ouers/kinders wat belangstel om 'n sluitkas te huur vir 2022 kan reeds gelde by Me Fourie (finansies kantoor) inbetaal.

Kostes
R 300 groot sluitkas
R 200 Klein sluitkas

Daar is net 'n beperkte hoeveelheid sluitkaste beskikbaar. Sodra gelde betaal is, word 'n sluitkas aan die leerling geallokeer.

COLOURFESTIVAL – ME LOURENS

Datum: 12 November 2021

Program vir die dag:

07:30 - 07:50	Register/Aanwys van wenners
07:50 - 10:05	Gewone skooldag
10:05 - 10:25	Pouse
10:25 - 11:00	Piekniek op die veld
11:00 - 11:30	Colourfestival (poeier)
11:30 - 11:45	Opruim
11:50	Gr 1, 3, LSEN en 4 verdaag
11:55	Gr 2,5 en 6 verdaag

* Grondslagfase se pouse is normale tye.

Laaste dag van betaling

Woensdag, 10 November - R60 (Sluit sakkies poeier in)

NB!!!! Trek aan soos enige land of kultuurgroep en pak hul tradisionele kos in jou piekniek.

GHOLFDAG – MNR PRETORIUS/ME LOURENS

Datum: ***Dinsdag, 30 November 2021***
Waar: ***State Mines***

Kostes:

- ***'n Vierbal (R1 600)***
- ***'n Gaatjie borg (R500)***

Gebruik ons gholfdag as 'n bemarkingsdag vir jou besigheid.

1. Borg 'n putjie (verskaf verversings waar u borg) vir slegs R500 en adverteer u besigheid.
2. Sit jou besigheidskaartjies, pamflette ens. in ons "starter-pack" en op die tafels deur 120 items van dieselfde soort te borg bv. penne, skeermesse, hemde, gholfballe, pennetjies ens. of deur 'n donasie van R500 te gee.
3. Pryse sal waardeer word waar u besigheidskaartjies of pamflette aan kan heg.
4. Donasie is baie welkom. (Advertensies kan gereël word)

NB! Alle betalings moet voor of op Woensdag, 17 November ontvang word.

Skakel asb. Me Lourens/Mnr Pretorius op (011) 893-2024 indien u 'n vierbal wil koop of 'n gaatjie en prys borg.

Ons het u hulp nodig om die dag 'n groot sukses te maak. Ondersteun asb. Laerskool Elspark deur deel te neem aan die dag.

BUNDUKAMP – ME NOVELLI

Die leiers van 2021 se inisiatief Bundukamp is hier!!!!

Datum: Vrydag, 12 November om 15:00 tot Saterdag, 13 November om 10:00

- Gesinskamp – geen kinders sonder ouer toesig mag kamp nie.
- Bespreek jou staanplek by Susan Venter (082 428 5804) teen R300,Daar is nog net 'n paar staanplekke oor.
- Besoekers toegang R10p.p. en R20 per voertuig.

DANKBAARHEID

- Dankie aan ons Almagtige God wat elke dag Sy genade en liefde aan ons toon.

Spreuke 6:20
My seun, gehoorsaam wat jou pa jou leer.
Moenie reëls wat jou ma vir jou gee, ignoreer nie

Elsiegroete

W.F GERICKE
SKOOLHOOF

Geloof •Hoop•Liefde

JAARTEMAS:
ONS BEWAAR (2010)
EENHEID MAAK MAG (2011)
TEMPO-ONDERWYS MAAK N VERSKIL (2012)
KOM GROEI SAAM (2013)
AKADEMIE IS NO. 1! (2014)
E-LEARNING@ELSIES! (2015)
VERNUWING BRING VOORSPOED (2016)
WERKSETIEK EN HOË STANDAARDE (2017)
AANSPREEKLIKHEID EN VERANTWOORDELIKHEID (2018)
VINDINGRYKHEID (2019)
SKOOLDISSIPLINE SKEP 'n GOEIE LEEROMGEWING (2020)
GELOOF, HOOP, LIEFDE (2021)
www.laerskoolelspark.co.za

Skeurstrokie - Toetsreeks

Hiermee gee ek, _____ ouer/voog van _____ in Gr _____ toestemming dat hy/sy vanaf Maandag, 15 November tot Donderdag, 25 November 2021 om 11:45 (Gr 1,6 en 7) / 12:00 (Gr 2,3,4,5 en LSEN) huis toe mag gaan.

Ek onderneem ook dat my kind netjies geklee sal wees (skooldrag en hare volgens die skoolreëls) tydens die komende toetsreeks.

_____ _____
Handtekening Kontaknommer